

CV van Tian Schutte

Gerhardus Christin (Tian) Schutte is in Pretoria gebore waar hy skoolgegaan het. Na sy twee jaar militêre diensplig het hy aan die Universiteit van Pretoria studeer en die grade BSc Agric, BSc Agric (Hons) en MSc in Plantpatologie verwerf. As beurshouer begin sy loopbaan by Outspan in Nelspruit waar hy in bogrondse swamsiektes op sitrus spesialiseer waarna hy ook die graad PhD aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy is die skrywer van verskeie wetenskaplike publikasies en het 'n aantal lesings by nasionale en internasionale kongresse gelewer. As spesialis konsulteer hy in lande in Suid-Amerika asook in die VSA. Hy werk tans as produkbestuurder by 'n chemiese maatskappy.

Tian is met Lynette getroud en het twee dogters, Marna en Christa. Christa is tragies op 26 Desember 2020 ('n dag voor haar verjaarsdag) in 'n motorongeluk in die Vrystaat oorlede. Marna het in 2021 haar graad in Opvoedkunde verwerf en is tans 'n onderwyseres in Sandton.

As genealoog het hy die Schutte-genealogie in Suid-Afrika by Emmerentia van Rensburg oorgeneem en die stamboom tot meer as 18 000 lede uitgebou. As lid van die Laeveldse historiese belangegroep en metaalverklikker entoesias, het hy slagvelde rondom Dullstroom, Carolina en Middelburg besoek; sy bevindinge het eers tot artikels vir die historiese belangegroep se nuusbrief gelei en is later in die boek *Guerrillastryd* saamgevat. Daar is besluit om die oorblywende stories uit *Guerrillastryd* oor Boere-aanvalle op treine rondom Middelburg in samewerking met Peet Coetzee in die boek *Treinvernielers* te boekstaaf. 'n Lesing hieroor is in 2019 by die Internasionale ABO kongres in Bloemfontein aangebied en het die prys as beste lesing verower. Die historiese belangegroep het Tian met die Mpumalanga Heritage Award in Augustus 2019 vir sy bydrae tot die bewaring van die geskiedenis vereer.